

## DAWIE'S NOTES

- Dawie Roodt

16 Oktober 2019



### **DIE EINDE VAN MONETÊRE BELEID, SOORT VAN**

Ons weet Suid-Afrika (SA) het klomp ekonomiese probleme maar gelukkig lewe ons nog in land waar goed meestal sin maak. Hoe meer jy leen en hoe hoer jou skuld hoe hoer is die rentekoers wat jy betaal.

Maar baie plekke in die wêreld werk dinge nie so nie. Om die waarheid te se, dinge is so deurmekaar elders, dat die ekonoom wat beweer dat hy die wêreld verstaan doodeenvoudig twak praat.

Neem staatskuld wêreldwyd as voorbeeld. Tans is die totale uitstaande staatskuld die hoogste sedert die tweede wêreldoorlog, en dit hou aan styg. SA se staatskuld is ook aan die styg maar "ten minste" betaal ons rente wanneer ons geld leen, tans so tussen 8 en 9 persent vir lenings met looptyd van sowat tien jaar.

Maar in baie ander lande in die wêreld moet die uitlener betaal vir die voorreg om aan land geld te leen! In Japan sal dit jou 0.2% kos om aan die Japannese regering geld te leen en in Duitsland sal dit jou 0.5% kos.

Daar is selfs lande waar jy kan geld leen op n verband en betaal word om dit te doen, bizarre en Alice in Wonderland plek!

Wêreldwyd is daar tans skuld ter waarde van meer as \$14 000 miljard wat teen opbrengskoers van minder as nul persent verhandel! Dis onderstebo wêreld. Hoe meer die skuld van sekere lande styg, hoe laer word hulle rentekoerse.

Dit moet gek wees wat geld aan iemand leen met waarborg dat hy minder gaan terugkry die dag wanneer die lening terugbetaal gaan word. En sulke gekke bestaan. Sommige van die wêreld se grootste sentrale banke koop staatskuld teen opbrengskoerse laer as nul persent. Maar hulle is nie alleen nie.

Wêreldwyd is daar baie beleggers wat in skuld belê met negatiewe opbrengskoerse. Voorbeelde is sogenaamde passiewe fondse en pensioenfondse wat laste en bates probeer sinkroniseer. Maar die vreemdste is dat sommige beleggers in skuldinstrumente belê met negatiewe opbrengskoerse in die hoop dat hulle dit eendag aan groter gek sal kan verkoop; wanneer opbrengskoers (rentekoers) daal dan styg die prys van bate.

Hierdie totale malligheid is natuurlik deur sentrale banke self begin. In verbete poging om mense te kry om geld te spandeer, het hulle korttermyn rentekoerse tot selfs onder nul verlaag, maar terselfdertyd het sentrale banke geld begin druk en langtermyn skuldinstrumente begin koop - totdat langtermyn opbrengskoerse ook tot onder nul gedaal het. Sommige sentrale banke, veral die Europese Sentrale bank, probeer sy absolute bes om die waarde van sy geldeenheid, die euro, te ondermyn - iets wat opsigself ook net in onderstebo wêreld kan gebeur.



## DAWIE'S NOTES

- Dawie Roodt

Maar êrens moet hierdie waansinnigheid einde kry. In die verlede het ekonome gedink dat nul persent die absolute laagste vlak is waartoe rentekoerse kan daal. Die rede waarom rentekoerse nie laer as nul kan daal nie is omdat (uit) leners eerder geld in kontant sal hou en geen opbrengs daarop verdien nie in stede daarvan om geld aan iemand te leen en dan te betaal vir die voorreg.

Wat ons vandag beseft is dat uitleners bereid is prys te betaal om jou geld veilig te bewaar maar êrens sal rentekoerse so laag daal dat dit meer sin sal maak om geld in kontant in kluis te hou en sekuriteitsmaatskappy te betaal om dit vir jou op te pas. Dit beteken dat daar wel êrens laagste vlak is tot waar rentekoerse kan daal - vlak wat ek reken nie te ver kan wees nie. Verder is daar ook êrens vlak waar dit meer sin vir banke sal maak om nie geld uit te leen nie - en weereens dink ek is ons naby aan daardie vlak. Die gevolg is dat lae rentekoerse wat veronderstel is om vraag na krediet aan te moedig, dit in werklikheid ontmoedig!

Die realiteit dus, is dat monetêre beleid in baie plekke in die wêreld, die einde van die pad bereik het. Rentekoerse is so laag as wat dit kan wees en die enigste opsie wat vir sentrale banke oorbly indien hulle die ekonomie verder wil stimuleer is om geld te maak, letterlik, en "iets" daarmee te koop - tipies die een of ander finansiële produk soos staatskuld of selfs aandele.

Daarom is al meer en meer ekonome van mening dat monetêre beleid die einde van die pad bereik het en dat fiskale beleid al is wat oorgebly het. Maar die probleem met fiskale beleid is dat staatskuld vlakke in die meeste gevalle alreeds hopeloos handuit geruk het.

Daar is wel ander maniere wat die wêreld se ekonomiese dilemmas kan aanspreek en dit is deur inflasie te "skep" maar die vonk om die inflasie proses aan die gang te sit is skynbaar nie lae rentekoerse en geld druk nie. Maar die handelsoorlog tussen Trump en China mag dalk net daardie vonk wees.

Dus, die groot sentrale bake wêreldwyd het nou soveel geld geskep en die koste van geld sodanig verlaag sonder dat dit inflasie ontketen het. Al wat dalk nodig is is politikus soos Trump wat vuurhoutjie op hierdie petrol te gooi om die inflasie monster wakker te maak. En as die proses van inflasie onder die huidige omstandighede eers posvat gaan daar min wees wat dit kan keel.

Dalk is dit die rede waarom die goudprys deesdae so aan die styg is...

Dawie Roodt  
Hoofekonoom van die Efficient Group

